UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 16 # 6 • 31-7-2008 • YEAR 16 # 6 MONTHLY STAFF NEWSLETTER



Stellenbosch University Choir does the Matie name proud in overseas competition! The University Choir recently returned from the World Choir Olympics in Graz, Austria, with three gold medals. The Choir was amongst 22 other choirs from South Africa who were selected to participate in this international event. Each year more than 400 choirs from 90 countries take part in the competition. Here the Choir members are proudly flaunting their gold medals. Read the full story on page 7.

*(Hennie Rudman, SSFD)*

## *University invites all women to attend Women's Day celebration*

This year, Stellenbosch University (SU) is celebrating national Women's Day with a breakfast seminar at the Vroueverenigingsaal in the Neelsie on Friday, 8 August, from 09:00. All women at the University are invited. As there is only a limited number of seats available, please e-mail Ms Samantha Titus (tituss@sun.ac.za) to reserve your place.

The theme of the seminar is "Creating a work-life balance," and the focus will therefore be on the personal and professional responsibilities of women.

The guest speaker at the event will be Mrs Elna Boesak, a well-known motivational speaker with a special interest in the empowerment of women. She is also a prominent HIV/Aids activist.

The Women's Day event is only one of a number of predetermined celebrations held by SU each year to coincide with certain days of national importance. A framework for the celebration of national days was made public by Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, in 2006. In that same year, the first institutional celebration of a public holiday took place on 14 June in commemoration of Youth Day (16 June).

A year programme, indicating the number of days as well as which days will be celebrated officially, is compiled and then approved by the Rector's Management Team each preceding year. According to Prof Smith, the University tries to create opportunities through these events to promote nation-building and communication between South Africans of different backgrounds.

Please watch the *Boschtelegram* for further details on this event.

# Voorskoolse dienste vir personeel en senior studente 'n werklikheid

Die Universiteit Stellenbosch (US) het onlangs 'n samewerkingsooreenkoms met die Stellenbosch Early Education Development (SEED) Trust gesluit om 'n hoofstroom voorskoolse en dagsorgdiens aan kinders van personeel en senior studente van die Universiteit te verskaf. Dit volg op jare lange voorbrand- en voorbereidingswerk om so 'n diens aan personeel te verskaf. Personeel en studente sal nou voorkeur kry om hulle kinders by die Babin Preprimêre Skool en Dagsorgsentrum, wat uit Babin Junior en Babin Senior bestaan, in te skryf.

Volgens mnr Jerome Slamat, Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie, sal daar ook in 2009 voorskoolsorgfasiliteite vir ouers met babas van 3 maande en ouer beskikbaar gestel word. Babin Babies, soos die fasiliteit sal bekend staan, sal in die US se Silver Trees-gebou geleë wees. Die gebou word tans ingerig om in die behoeftes van die fasiliteit te voorsien.

"Heelwat van ons personeel se kinders is reeds by Babin ingeskryf en daardie verhouding word net verder versterk deur die ooreenkoms wat nou met die Universiteit gesluit is," verduidelik mnr Slamat.

"Die US Vroueforum het 'n baie belangrike rol daarin gespeel om hierdie diens tot stand te bring," voeg hy by.

Die drie fasiliteite – Babin Junior, Babin Senior en die toekomstige Babin Babies – is naby die Universiteit en ook binne stapafstand van mekaar.

"Ingevolge hierdie samewerkingsooreenkoms sal daar by elk van die drie kampusse vir verskillende ouderdomsgroepe voorsiening gemaak word," sê mnr Slamat.

Babin het in 1988 as 'n speelgroep die lig gesien toe 'n onderwyser, Sandra Cilliers, dit in haar huis in Die

*(blaai na bl. 6)*



Met hierdie pen word voorskoolse dienste 'n werklikheid! Hier onderteken prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, die samewerkingsooreenkoms tussen die US en SEED Trust. Saam met hom by die ondertekening is voor van links me Michi Hugo, Hoof-Uitvoerende Beampte van die SEED Trust. Agter van links is me Marthie van Niekerk, Voorsitter van die US Vroueforum (USVF), en mnr Jerome Slamat, Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie

*(Anton Jordaan, SSFD)*

# US eerste universiteit om aan opname deel te neem

US eerste universiteit om aan nasionale MIV/vigs-opname deel te neem

Die Universiteit Stellenbosch (US) sal vanjaar een van die eerstes uit 23 hoëronderwysinstellings wees om aan 'n nasionale opname oor MIV-voorkoms en MIVrisiko-assessering by studente en personeel deel te neem. Dié opname sal vanaf 11 tot 29 Augustus deur Higher Education South Africa (HESA) onder die vaandel van sy MIV/vigsprogram, die Higher Education HIV/Aids Programme (HEAIDS), op kampus uitgevoer word.

Die opname sal altesaam 25 000 personeellede en studente by verskeie instellings in Suid-Afrika betrek.

Dit is die eerste van sy soort in die hoëronderwyssektor en is moontlik gemaak deur 'n vennootskap tussen die Europese Unie, HESA en die Departement van Onderwys.

Vroeër vanjaar het die US deur dieselfde vennootskap 'n toelaag van R3,5 miljoen vir die uitvoer van verskeie projekte as deel van die Universiteit se MIV-plan ontvang.

Volgens die Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, prof Julian Smith, word die projek ten volle ondersteun deur die Universeitsbestuur. Hy het ook 'n beroep op die kampusgemeenskap gedoen om entoesiasties saam te werk.

"Ten spyte van die goeie vordering wat die afgelope paar jaar gemaak is met betrekking tot bewusmaking, vrywillige toetsing en deelname aan MIV-inisiatiewe, behoort elkeen die erns van die nasionale situasie en die belangrikheid van gepaste aksie op kampus te besef en bereid te wees om meer te doen as wat ons as inrigting tot dusver kon regkry. Die HEAIDS-projek bied 'n belangrike geleentheid vir die universiteit om groter kapasiteit te skep en deel te wees van 'n baie belangrike nasionale hoër onderwys projek," sê prof Smith.

Me Monica du Toit van die Kantoor vir Institusionele MIV-koördinering sê dat die studie dit ten doel om die verspreiding en voorkoms van MIV sowel as die kennisvlakke, houdings en risiogedragspatrone onder studente en personeel in die hoëronderwyssektor te bepaal. Daarby wil die studie ook vasstel watter verband daar tussen MIV-status en demografiese en sosio-gedragsfaktore bestaan, die gevaar wat die MIV-epidemie vir die hoëronderwyssektor inhou te evalueer en gepaste aanbevelings daaroor te

*(blaai na bl. 4)*

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus




**NEWS** *Diversity and transformation experts at SU* 3




**NUUS** *Proff Mouton en Hendriks versterk teologiese bande in Afrika* 4



**WIE'S WIE** *Prof Bernard Lategan is US se nuwe Ombudsman* 5



**KUNS** *Alladin in die HB Thom opgevoer* 7



**MENSE** *Nuwe Kanselier praat met* Kampusnuus 8

## VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR

KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!



'n Paar oggende terug skrik ek wakker met die son wat strelend deur die kamervenster skyn en voëls wat in die tuin kwetter. Vir 'n oomblik was ek oortuig dat winter nou amptelik verby is en dat die lente hier is. Ná 'n paar maande se reën en ysige koue is ek gereed om my jas weg te pak en die lente en uiteindelik die somer met oop arms te verwelkom. Moet my nie verkeerd verstaan nie, ek weet alte goed dat die winter, net soos lente, somer en herfs, 'n nodige fase is waardeur die natuur moet gaan om haarself te vernuwe. Ek kan net nie te lank sonder die sonnetjie, warm lug en langer dae leef nie.

'n Universiteit is baie soos die seisoene. Daar is tye wanneer dit in herfs vasgevang is, wanneer al die ekstase en moontlikhede van die somer begin afneem en ons almal begin regmaak vir tyd om te besin oor dit wat ons gedoen het, wat ons nog kan doen en wat nog voorlê. Ander tye beweeg die instansie deur sy wintermaande, wanneer dit voel asof dinge net te stadig van die grond af kom, daar net te veel struikelblokke in die pad is en niemand oor enigiets kan saamstem nie. Dan begin die lente en die plek kom weer aan die lewe. Nuwe idees begin ontwikkel, daar is 'n onderliggende opgewondenheid wat dreig om deur te breek en dit voel asof dít wat nie vroeër haalbaar of moontlik was nie, tog 'n moontlikheid kan word. En eensklaps, voor jy jou oë uitvee, is die somer hier! Wat nie moontlik was nie, is nou moontlik; idees kry voete en hardloop sommer onder ons uit; ons begin anders dink oor sake wat ons in die winter platgeslaan het, en struikelblokke word nou wegspringblokke na die volgende vlak van ontwikkeling, leer en navorsing.

So, alhoewel dit hier steeds winter is, lyk dit asof die Universiteit Stellenbosch (US) al klaar in sy somer is. Op bladsy 1 kan jy meer lees oor die kontrak wat die US met Babin Preprimêre Skool en Dagsorgsentrum gesluit het om voorkeur te gee aan kinders van personeel en senior studente om hulle voorskoolse dienste te gebruik. Ook op bladsy 1 kan jy meer lees oor die HEAIDS (Higher Education AIDS Programme) nasionale opname oor MIV-voorkomssyfers en risiko-assessering onder studente en personeel wat in Augustus op kampus sal plaasvind. Die US het hier die voortou geneem as die eerste universiteit om dié studie te doen.

Die US vier Vrouedag (9 Augustus) met 'n spesiale geleentheid. Maak seker jy lees meer hieroor op bladsy 1, en hou die US se media dop vir verdere besonderhede.

Lees meer oor twee jong navorsers (bladsy 3) wat onlangs 'n gesogte gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang het. Op bladsy 4 vertel Proff Mouton en Hendriks van die Fakulteit Teologie meer oor die eeufeesvieringe wat hulle by die Gereformeerde Kerk in Mosambiek bygewoon het, asook oor hulle besoek aan NetACT- teologiese skole in Zimbabwe, Mosambiek en Malawi.

Ontmoet ook die nuwe Ombudsman, prof Bernard Lategan, op bl. 5 en lees meer oor die US se betrokkenheid by 'n Fetale Alkoholsindroom-studie in Wellington, ook op bl. 5. Net nog 'n voorbeeld van hoe die US by gemeenskappe betrokke raak en sy kennis in praktyk omskakel.

Die US-koor het ook die Universiteit se naam hoog gehou met hulle onlangse deelname aan die Wêreldkoorspele in Graz, Oostenryk. Hulle het met drie goue medaljes huis toe gekeer. Lees meer oor hulle ondervinding in die noorde op bladsy 7. Daar is op dieselfde bladsy ook boeke, toneelopvoerings en musiekkonserte om van te kies en te keur. Ons nuwe Kanselier word op 1 Augustus ingehuldig. Lees meer oor Frederik van Zyl Slabbert in sy eie woorde op bladsy 8.

Ek hoop jy geniet die laaste bietjie van die winter en dat jy reeds die tinteling van die lente in jou lewe ervaar.

Lynne

# *HIV education made easy through entertainment*

We have one goal – dedicating our time and effort to triumph over HIV and Aids, step by step. Through world-class academic programmes and groundbreaking research we empower people through knowledge. And through our educational theatre initiatives we transform lives with the powerful tools of humour and emotion.

The choice of theatre as an educational medium is well considered. Through research on farms in the Stellenbosch area it was determined that HIV/Aids-related knowledge levels were alarmingly low: 89% of the people did not know their status and 72% did not know where to find more information. That made us realise that an alternative tool was needed to reach the groups of people who were 'missed' by the day-to-day campaigns. It needed to be accessible to illiterate people and also shy away from the seriousness of so many educational methods that only fall on deaf ears.

When the decision was made to incorporate educational theatre in our activities, the expertise of the multi-skilled performing artist Jimmie Earl Perry was brought all the way from the United States. The Africa Institute for HIV/Aids Management, a non-profit organisation responsible for the community mobilisation aspect of the centre, was established in 2004. The Institute uses music, drama and dance in educational theatre productions based on models of behavioural change. The first production is the highly successful mini-musical *Lucky the Hero!*, written by actress Vicky Davis (Tessa for all the *7de Laan* fans).

Apart from overcoming obstacles of low literacy levels, the art forms drama, music and dance are the most accessible communication mediums in the world. Educational theatre has the additional benefit of interaction on an emotional level. In the context of HIV/Aids, it offers the opportunity to deliver a serious message in a light-hearted manner, without a threatening or patronising tone.

The aim is to challenge people to examine their attitudes towards HIV and Aids, and change their behaviour accordingly. This includes eliminating stigma, developing partnerships and of course promoting testing. At the two most recent theatre interventions at Eskom's Wellness Festival and Peninsula Beverage Company Pty Ltd (Penbev) respectively, between 80% and 90% of the workers tested for HIV after seeing the show. Thousands of people now know their HIV status because of the play, and many people told us they would never have gone for a test if it were not for the show.

The shows are not presented in isolation. In that sense it is truly educational theatre, not only entertainment. There is a monitoring and evaluation protocol that measures the impact of the production. In the hundreds of *Lucky* performances done so far, the feedback has been overwhelmingly positive and indicative of a dedication to safer behaviour.

The enjoyment element of theatre plays a crucial part in opening minds to the message. At the Penbev intervention, people had to sit on the floor or stand to fit in the room. And as the employees were not forced to attend, this is a clear sign of people really enjoying the play.

Educational theatre is a secure way to establish commitment to tackle HIV/Aids actively, crossing all boundaries of literacy, race and education by simply touching hearts.

*– Prof Jan du Toit*
*Director of the Africa Centre for HIV/Aids Management at Stellenbosch University*

Kampusnuus *wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en* Kampusklets oppie Rooiplein *is dié van die betrokke individu en nie noodwendig die standpunt van die* Kampusnuus-*redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.*

**E-POS AAN LYNNR@SUN.AC.ZA**

BRIEWE

## Kampus in rep en roer in vakansietyd

Wie't gesê die kampus is stil as die studente nie hier is nie? Inteendeel, hier gebeur heelwat!

Toegegee, dalk is die gebrek aan studente op kampus juis 'n aansporing vir die meeste kantoorgebonde personeel om dit buite te waag en iets in die Neelsie te gaan koop, sonder al die lang rye!

Op een van die min sonnige dae in die vakansie, alles binne 'n halfuur, het ek die volgende gesien: 'n sketter-groen verkleurmannetjie wat sy pad oor die rooi plaveisel voor die Neelsie probeer vind, 'n pienk babahoedjie op die sypaadjie naby die Botaniese Tuin, en 'n besige filmspan wat 'n Bollywood-fliek skiet. Daarby het ek 'n gesprek afgeluister van twee nagraadse studente wat sy bespiegel of hulle hul koffiemasjien gerekenariseerd kan kry.

(Nota: Die verkleurmannetjie is tot groot vermaak en nuuskierigheid van verbygangers van die plaveisel gered voordat dit dalk getrap word, en in die bosse naby die Kunsdepartement vrygelaat.)

Moet sê, so tussen al die werksverpligtinge en verwagtinge deur bly dit steeds vir my die klein dingetjies in die lewe wat alles baie interessant maak. Solank jy net jou oë daarvoor oophou!

*– Nuuskierige agie*

## Ons red wel die tekens

Ek reageer graag op "Red die tekens, asseblief" se skrywe in *Kampusnuus* van 26 Junie. Die Universiteit tree wel op teen studente wat hulle skuldig maak aan vandalisme, of dit nou borde, mure, plante of ander voorwerpe is.

As studente betrap word, sal USBD hulle name en studentenommers saam met besonderhede van die voorval op ons voorvalledatabasis aanteken. Die studente en die betrokke beamptes word deur ons ondersoekbeampte, Lourens le Roux, die geleentheid gebied om 'n verklaring af te lê wat dan in verdere stappe gebruik word. Die studente kan die geleentheid kry om skuld te erken en die sanksie aan hulle opgelê te aanvaar, of kan gedaag word om voor die Universiteit Stellenbosch se tugkomitee te verskyn waar hulle saak aangehoor word.

Gewoonlik kry die studente die geleentheid om vir die skade te betaal, asook gemeenskapsdiens te doen as straf. Die uitkoms van die verrigtinge word bekendgemaak. Enige gevalle van wangedrag deur studente kan by USBD in Merrimanlaan, by telefoonnommer 021 808 2330 of e-posadres llr@sun.ac.za aangemeld word. Skakel gerus met Danie Roux by kantooradres K2055 Admin A, telefoonnommer 021 808 4635, of e-posadres dfr@sun.ac.za vir meer inligting oor die Universiteit se tugprosesse.

*– Danie Roux, Bestuurder Studentedissipline*



Briewe kan gerig word aan die Redakteur: *Kampusnuus*, per e-pos aan lynnr@sun.ac.za, of met die binnepos aan Kamer B1223, Admin B-gebou, of per faks aan (021) 808-3800. Hoewel briewe op versoek anoniem of met skuilname geplaas kan word, moet skrywers se name en kontakbesonderhede asseblief by die brief ingesluit word. Briewe moet duidelik KAMPUSNUUS BRIEWEBLAD gemerk word. Die beste brief wen 'n prys.

# Diversity and transformation experts share and learn from University

Two American academics recently visited Stellenbosch University to exchange information and ideas on the topic *Student and Professional Development in the Context of Social and Diversity Issues* and to foster future trans-Atlantic networking and collaboration. Dr Margaret Spearmon, Associate Dean for Student and Professional Development in the School of Social Work at the University of Washington in Seattle and Dr Lawrence Burnley, Associate Dean for Multicultural Programmes and Special Assistant to the Provost for Diversity Affairs at Messiah College in Grantham, Pennsylvania, were the guests of the Unit for Employment Equity and the Promotion of Diversity.



Pictured here is dr Jerome van Wyk with the guests from the USA. At the back is David Burnley and in front from the left Dr Margaret Spearmon and Dr Lawrence Burnley

*(Lynne Rippenaar)*

According to the Director: Employment Equity and the Promotion of Diversity, Dr Jerome van Wyk, the visit was valuable especially in terms of benchmarking good practices in diversity work in higher education.

"All universities across the globe are involved in diversity work in higher education. South Africa, like other countries, has a strong compliance-driven approach with regard to employment equity and the promotion of diversity," said Dr Van Wyk.

"Stellenbosch University, like other local universities, has not pondered sufficiently the business case of diversity, let alone the social justice component of institutional transformation. The USA and SA have a reciprocal role: to learn from each other in order to develop into a truly inclusive campus that is representative of all communities in terms of our multiple identities," he added.

Dr Burnley shared some of the institutional issues that Messiah College was struggling with in a bid to become a multiculturally relevant and competent institution. He said that they had found that in order for an institution to improve its racial, ethnic and gender composition, it was equally important to not only recruit persons who strengthened the numbers in these categories, but that universities had to offer financial and other forms of support to sustain students and to retain staff of diverse backgrounds

"All students benefit from diversity in the curriculum and from allowing outside voices that are not considered traditional in the academia to influence the curriculum," he said.

He added that the quest for multicultural institutions was "not an issue for students of colour, but a human issue" which impacted on all people.

He also spoke of the recently established transformative dialogue spaces that were created at Messiah College to help staff and students engage about vulnerable issues of race, gender, disability, sexuality and economic status.

Dr Burnley said that it was also important to link diversity to excellence and to start looking at people's ability to manage and promote diversity in their environment as factors that are taken into consideration when it comes to promotion and performance appraisals.

In her talk Dr Spearmon focused on the inroads that the School of Social Work, to which she is affiliated, has made in terms of multiculturality. In order to become relevant, she said, the

*(turn to page 6)*

# Two new Ps for Science Faculty

Two young researchers in the Faculty of Science – both working in the chemical field – have received coveted P ratings from the National Research Foundation (NRF). P-evaluated researchers are young researchers (normally younger than 35 years of age) who have held the doctorate or equivalent qualification for less than five years at the time of their application to the NRF, and are considered likely to become future leaders in their field. Prof Erick Strauss and Dr James McLeary both actively strive to further science education in South Africa through their involvement with student training. Their well-cited publication records reflect work of high quality and impact, while their collaborations and reviewing record stand testimony to their growing international standing. ENGELA DUVENAGE spoke to the two researchers to find out more about the men behind the research.



Dr James McLeary



Prof Erick Strauss

## DR JAMES MCLEARY

**Received PhD from**: Stellenbosch University (SU) (2004) via the Dutch Polymer Institute

**Current position:** Research Centre Manager: Freeworld Coatings and Extraordinary Senior Lecturer in the Department of Chemistry and Polymer Science

**Research field:** Free radical chemistry, living radical polymerisation processes such as reversible addition fragmentation chain transfer (RAFT) polymerisation and emulsion polymerisation

**How did you decide on polymer science?**

I found the information about polymers in one of the modules in my undergraduate course in industrial chemistry at the University of Pretoria (Tukkies) rather interesting. During my third year, while visiting a friend in the Cape who was interested in polymer science, I was dragged along to the Institute for Polymer Science (IPS). The meeting was interesting but I was not convinced. After my honours in chemistry, still at Tukkies, I wanted a change of study field and looked at the options in polymer chemistry. Stellenbosch was the only university to offer a full-time dedicated polymer honours course.

**The rest is history. You completed your doctorate in the IPS and did your post-doctoral work there. You now manage the Freeworld Coatings research group, housed within the same building. What keeps you there?**

True! I have been in Stellenbosch since 1997. The wonderful thing about working in a world-class research environment such as IPS is the opportunity to experience the world while you are still a student. I have visited, among other places, New Zealand, the USA and Italy for conferences, and have worked in Germany and the Netherlands. These days I work closely with industrial researchers, which means I can be in Johannesburg on a Monday and Durban on a Thursday. Trust me, this makes having your home life in an idyllic place such as Stellenbosch ideal.

**Blue-sky research or practical?**

Both. Blue sky is the reason that researchers wake up in the mornings – we want to understand how things work and there is a tremendous thrill in being the first person ever to grasp a new concept. However, if you cannot make it practical, then there is no immediate impact on our society. Some people have the patience to leave that for the next generation, while I enjoy seeing things that I have worked on being implemented now.

**What part of your job makes you smile in the morning? And what does not?**

The people I work with are the reason I smile. There is nothing like the feeling of helping a younger chemist to grasp a concept – or even better, when a person comes up with a useful unique suggestion for the first time. The worst part is dealing with inefficiency and wasting endless time on trivia.

**What is your pet project?**

The RAFT process in emulsion. The potential benefits are not currently quantified but I have every faith that controlling polymerisation processes will open the doors to a more scientific and less artistic approach to polymerisation. I would like to further my research on water-based polymerisation processes, with a specific focus on the coatings and paint industries, and environmentally friendly approaches within these fields.

**Do you see yourself as an academic, a researcher, a lecturer, or as a polymer chemist in industry?**

Definitely a combination of roles. Even as a student, I typically fulfilled the role of co-ordinator and administrator as well as researcher. Facilitating research is often the most challenging task, and working at the interface between academia and industry is a unique and exciting career.

**Career-wise, what is your big dream?**

To make a success of the team that I am in. I have found that success is best when it is shared. Without the excellent researchers and students that I have worked with nothing would be possible. If every team that I work with becomes world class, my dreams have been achieved.

**You met your wife, Elna, here in Stellenbosch. She teaches first-year chemistry. Is it easy to work alongside your wife?**

Although she works in the same building, we are in completely different fields of chemistry. Elna works in zeolite membrane reactor research, which is a challenge that is quite different to my own. Our paths rarely cross at work, which is possibly a blessing. We tend to be fairly stubborn about things at times, which might generate a few sparks!

**What does leisure time in the McLeary household look like?**

With two small children? Life is hectic! At this stage I am a combination slide and jungle gym – when there is not a child to be rescued or convinced that supper really IS a worthwhile investment of time.

## PROF ERICK STRAUSS

**Doktorsgraad ontvang**: Cornell-universiteit, VSA (2003)

**Huidige betrekking:** Medeprofessor in die Departement Biochemie

**Navorsingsveld:** Biokatalisators en koënsiem A-gebaseerde ensimologie

**Hoe sal jy die werk van 'n chemiese bioloog beskryf?**

Eintlik kan verskeie uiteenlopende wetenskaplikes hulleself chemiese bioloë noem. Na my eie mening is dit enigiemand wat 'n biologiese probleem vanuit 'n molekulêre oogpunt takel. Dis 'n baie vernuwende veld: Jy moet heeltyd met nuwe idees en planne vorendag kom, en dink hoe jy dit prakties gaan uitvoer. Dit verg partymaal selfs ernstige ingenieurswese!

**Wat het jou loopbaankeuse help slyp?**

As kind het ek baie tyd in my pa, 'n navorser by Tukkies, se laboratorium deurgebring (en met droë ys gespeel!). Hy het my ook gelei en beïnvloed om soos 'n wetenskaplike te dink. Ek wou oorspronklik veearts word, maar ná 'n paar weke op Onderstepoort het ek besef dat hulle gans te veel memorisering van feite verwag. En my brein werk nie so nie! Ek is van nature nuuskierig, en wil weet hoe dinge veral op die elementêre vlak werk. Ek het toe oorgeskakel na 'n BSc in Chemie en Biochemie by Tukkies met farmaseutiese ontwikkeling in die veeartsenybedryf as doelwit. Gou het ek besef dat chemici en biochemici mekaar ongelooflik goed kon aanvul, maar dat hulle (om historiese redes) in Suid-Afrika baie min met mekaar te doen wou hê. So is ek toe na die VSA vir my PhD en om my kennis en ondervinding op albei terreine te ontwikkel.

**Wat is jou groot navorsingsdroom?**

Dit sal uiters bevredigend wees as my laboratorium 'n middel of proses kon ontwikkel om een van die verskeie sogenaamde afgeskeepte siektes in die wêreld, soos TB, malaria of slaapsiekte, te bestry. My grootste onmiddellike bydrae as 'n navorser is egter die opleiding van my nagraadse studente. Hulle gee 'n paar van hulle beste jong jare vir jou, en jy kry kans om hulle as mense en wetenskaplikes te help ontwikkel. Dié taak moet jy tot die beste van jou vermoë aanpak.

**Wat laat jou met 'n glimlag in die laboratorium instap?**

Die wete dat die breër wetenskaplike gemeenskap daagliks al hoe nader daaraan kom om ingewikkelde biologiese sisteme op molekulêre vlak te verstaan, en dat my navorsingsgroep 'n klein bydrae tot die inwinning en aanwending van daardie kennis maak. 'n Mens worstel maar partykeer jare lank met 'n probleem, en as jy hardekwas genoeg is (soos ek!), hou jy aan en aan tot dinge bevredigend uitwerk.

**Jy het die Kaapse winterweer misgeloop terwyl jy die 20ste Internasionale Konferensie oor Chemiese Opvoeding (ICCE) in Mauritius bygewoon het, met die komplimente van jou Rektorstoekenning vir Voortreflike Onderrig verlede jaar. Wat is dit aan klasgee waarvan jy hou?**

Om skynbaar moeilike konsepte uit te pluis, tot basiese beginsels te vereenvoudig en dan aan studente oor te dra, waarna 'n mens weer na die 'moeilike' konsepte kan aanbeweeg. Ek vind dit uiters bevredigend om te sien hoe studente so 'n raamwerk opbou, dit invul en dan die 'moeilike' konsepte skielik maklik vind. Die ding is om die mees basiese onderliggende beginsels te kry en daarop voort te bou.

**Jy lyk altyd lus vir die lewe. Hoe kry jy dit reg?**

As jy positief en nuuskierig van geaardheid is, is jy meestal lus om soggens op te staan. My geloof speel ook 'n groot rol. Die lewe is eintlik maar kort en daar is soveel om te ontdek, te ervaar en met ander te deel, nie waar nie? Ek sien myself partymaal as 'n spons wat soveel as moontlik van die wêreld rondom my wil opsuig, tot my eie en ander se voordeel (hopelik). Maar mense kry my onder: mense wat te eng dink, wat onregverdig, eiewys en selfsugtig optree. Kyk maar hoe party mense bestuur!

**Wat doen jy as jy nie in die laboratorium is of voor 'n klas staan nie?**

Ek bly met my hande besig en bou, breek, hamer en timmer aan die huis. Ek geniet dit om dinge te skep - veral as hulle van 'n gebruiksaard is en dan nog boonop esteties bevredigend is. My honde dwing my om gereeld te gaan stap, al is dit nou nie noodwendig voetslaan in die berge wat ek eintlik sou wou doen nie.

**Gunsteling-koffiedrinkplek in die Neelsie?**

Dit was altyd Café GO1 – beste koffie! – maar dit het nogal duur geraak om elke dag 'n koppie of twee te drink. Nou het ek 'n ordentlike outomatiese espressomasjien vir die laboratorium gekoop. Ons drink elke oggend saam koffie. As meer plekke in Suid-Afrika net kan leer om koffie soos die Europeërs te maak!

# Proff Mouton en Hendriks in Mosambiek vir kerk-eeufeesvieringe

**By die Fakulteit Teologie word gespot dat die Dekaan, prof Elna Mouton, soos 'n ware teoloog tuis voel met stof – inderwaarheid blóm in die stof van Afrika. Maar hoe dan anders, vra sy ná haar onlangse tog deur Suider-Afrika met prof Jurgens Hendriks, Uitvoerende Bestuurder van die Network for African Congregational Theology (NetACT), en sy vrou, Helen.**



*Prof Elna Mouton, me Helen Hendriks en me Annelie Taute, wat jare lank betrokke was by die opleiding van teologiese studente se vroue, omring deur jubelende vroue by die eeufees-optog van die Igreja Reformada em Mozambique (Gereformeerde Kerk in Mosambiek)*

Die doel van hierdie besoek was om die eeufeesvieringe van die Igreja Reformada em Mocambique (Gereformeerde Kerk in Mosambiek – IRM) vroeg in Julie op Vila Ulóngùe in Mosambiek by te woon. Hulle het ook die geleentheid benut om vyf NetACT- teologiese skole in Zimbabwe, Mosambiek en Malawi te besoek en leiers en verteenwoordigers van gereformeerde kerke te ontmoet.

"Ons wou hoor wat die instansies op hul agendas het, waarmee hulle tans werk en worstel, en hulle nooi na die 150-jarige viering van teologiese opleiding op Stellenbosch in 2009," verduidelik prof Hendriks. NetACT fokus tans op kurrikulum-ontwikkeling, en in 2009 by die NetACT-jaarvergadering wat met die fakulteit se feesvieringe saamval, sal veral gekyk word na die aanbieding en kurrikula van Bybelse vakke.

By al die instansies is heelwat oor akkreditering en die nuwe struktuur van die Nasionale Kwalifikasie-raamwerk gepraat. Prof Mouton het die huidige akademiese evaluering van die Universiteit Stellenbosch en die Fakulteit Teologie verduidelik, asook hoe dit binne die nasionale strategie en vereistes inpas. Daar is gesels oor die vordering van predikante en dosente van die verskillende kerke en kolleges wat by die Fakulteit studeer of gestudeer het, nuwe studente wat graag hier wil studeer, en praktiese sake soos losies by die NetACT-huise, inskrywings en beurse.

In Zimbabwe het hulle diep onder die indruk gekom van hoe swaar mense kry – en die merkwaardige rol wat die kerke in die land speel, ondanks die geweldige moeilike finansiële en politieke situasie.

"Die feesvieringe in Mosambiek was 'n unieke geleentheid – honderde mense het op die kerkterrein op Vila Ulóngùe gekamp en drie dae lank is die besonderse geskiedenis van dié kerk herdenk en gevier met dienste, toesprake, sang en baie ure se saamkuier. Dit was natuurlik ook 'n ideale geleentheid om te skakel, onder meer met verteenwoordigers uit Nederland en Amerika," sê prof Mouton.

Sy sê dat daar ook oral groot waardering was vir hul moeite om instansies te besoek. "Maar die heel lekkerste," sê prof Mouton, "was om te sien watter rol oudstudente van die Fakulteit in kerke, gemeentes en gemeenskappe in Afrika speel, en die hartlikheid waarmee ek en prof Hendriks ontvang is."

"Ons is so rojaal onthaal, dat dit soms skoon seer gemaak het – veral as 'n mens weet met hoeveel opoffering dit dikwels gepaardgaan. Ons het totaal onwaardig gevoel van soveel waardering en warmte. Die besoek het baie beteken vir verhoudings tussen teologiese instansies en kerke in Suider-Afrika. Maar vir my persoonlik was dit ook 'n absolute vreugde en inspirasie om weer die stof van Afrika aan my lyf te voel!"



*In die kerksentrum van die Reformed Church in Zimbabwe (RCZ) in Masvingo is van links ds Christopher Munikwa, Sekretaris-generaal van die RCZ, prof Elna Mouton, me Greta Tavenyika, Sekretaresse, ds Pikisai Mhizha, Tesourier van die RCZ, en me Helen Hendriks*

# *New Careers Portal offers job opportunities for Maties Alumni*

A new Alumni Careers Portal was recently launched on the University's alumni web portal to provide Maties Alumni with the opportunity to connect with employers and access employment opportunities.

According to Ms Heidi October, Co-ordinator: Alumni Relations, access and use of the portal are free for alumni. The University, she says, is also not incurring any costs. Companies can register jobs on the website for free, but once a candidate has been successfully placed, the company pays a placement fee of 15% of the annual cost to company to the internet company offering the service. Five per cent of the placement fee will go towards a bursary fund run by the Stellenbosch Foundation for talented students in financial need.

The idea to start a careers portal, says Ms October, was fostered during her interactions with alumni at various alumni functions. "Over the years I have received numerous requests from alumni who were unemployed and searching for job opportunities as well as companies who were looking for Stellenbosch University graduates with certain skills. The University has a very strict confidentiality policy and therefore the Alumni Office cannot supply individuals or companies with data lists of specific graduates," she explains.

This project was implemented in conjunction with the University's Careers Office, which runs a similar careers portal for students.

All personal information supplied by alumni to the website is treated with the utmost confidentiality. "CVs will be made available only to the companies to which an applicant applies," says Ms October.

Once an alumnus has registered, he or she will also receive job alerts that are suited to their qualifications and expertise.

"This is a service that has been long overdue. While the Careers Office has been delivering this service to current students, there has been a lack of such a service for Maties Alumni. The service will be available to both local and international alumni as well as local and international companies."

For further details, visit www.matiesalumni.net and click on the banner on the right side of the page titled "Visit the New Careers Portal".



BOLLYWOOD COMES TO STELLENBOSCH! The campus was recently abuzz with local and international actors, extras and crew members working on a soon-to-be-released Bollywood movie directed by Vivek Sharma called Kal Kisne Bekhaa ('Look into the future'). A number of scenes in the movie were shot in the JS Gericke Library, the amphitheatre in front of the library, parts of Victoria Street as well as the University Gymnasium. The two young stars of the romantic epic, Jacky Bhagnani (right) and Vaishali Desai (pictured here), are both from Mumbai (formerly known as Bombay). The actors along with 50 crew members and almost 100 South African extras were on campus until 23 July. The film crew and stars have been in South Africa for a month and have already shot scenes in Johannesburg and Durban. They will also be shooting on location in Camps Bay and different shopping malls in and around Cape Town. *(Hennie Rudman, SSFD)*

# US neem aan MIV/vigs-opname deel

*(van bl. 1)*

maak, en 'n verslag saam te stel om die studieresultate aan HESA oor te dra.

'n Konsortium, wat uit die Centre for AIDS Development, Research and Evaluation (CADRE), Epicentre en Constella Futures bestaan, is deur HESA aangewys om die studie te behartig, en finale etiese klaring is reeds van die US se interne etiese komitee bekom.

"Deelname aan die studie is vrywillig en anoniem, en data sal deur middel van selfvoltooide vraelyste en droë bloedmonsters ingesamel word. Verteenwoordigende steekproewe word tans op grond van die demografiese profiel van die US saamgestel en potensiële deelnemers sal deur middel van hierdie lys gekies word," sê me Du Toit.

Omdat die toets anoniem is, sal personeel en studente nie hulle resultate van HEAIDS ontvang nie. Daar sal wél vanaf 11 tot 29 Augustus 'n spesiale toetsdiens op kampus beskikbaar wees – vanaf 11 tot 13 Augustus in die Wilcocks-gebou en vanaf 14 tot 15 Augustus in die Neelsie. (Hou die US media dop vir inliging oor verdere toetsdiensstasies.) "Konsultantverpleegkundiges sal beskikbaar wees om gratis MIV-toetse te doen en uitslae onmiddellik te verskaf. Enigeen kan van die diens gebruik maak," sê me Du Toit verder.

Kleiner steekproefgroepe binne fakulteite, soos byvoorbeeld tutoriaalklasse, sal gekies en vir vrywillige deelname genader word. Personeel wat deel uitmaak van die steekproef sal in werksure genader word. Die vraelys en toets duur omtrent 45 minute.

Studente en personeel wat aan die studie deelneem sal elk 'n R30-geskenkbewys van 'n nasionale kettingwinkel ontvang. Volgens me Du Toit staan dit vrywilligers vry om te weier om deel te neem, maar sal maksimum deelname natuurlik die beste wees om geldige resultate van die US te bekom om ook die Universiteit op so 'n manier te help om vir die toekoms te beplan.

"Ons vertrou dat die uitkoms van die studie nie net van nasionale belang sal wees nie, maar ook rigtinggewend kan wees vir ons eie institusionele beplanning," sê me Du Toit.

"'n Verteenwoordigende aanduiding van die huidige verspreiding van MIV-infeksie in die hoëronderwyssektor, sowel as 'n ontleding van die spesifieke faktore wat die risiko vir studente en personeel verhoog, kan ons help om die nodige bronne aan voorkomings- en hulpprojekte toe te ken. Universiteite beskik oor genoeg kundigheid om die epidemie doeltreffend te bekamp. Dié studie sal ons help om landwyd proaktief te werk. Die uiteindelike doel is om lewens te red!"

Die studie behoort teen Mei 2009 afgehandel te wees, waarna die nasionale resultate in 'n openbare dokument bekend gemaak sal word. Elke universiteit se data sal vir verdere optrede aan die bestuur van elke instelling oorhandig word.

Skakel met me Du Toit by mdt2@sun.ac.za vir meer inligting.












# Sielkunde se diensleerprojek by Babin integreer teorie en praktyk

Vir die afgelope 12 jaar trek nagraadse Sielkunde-studente aan die Universiteit voordeel uit 'n volhoubare projek tussen die Departement Sielkunde en Babin Preprimêre Kleuterskool en Dagsorg. Deur middel van die samewerking kry hierdie studente die geleentheid om die teorie en praktyk van Kindersielkunde te integreer. *Kampusnuus* het met DR HELENE LOXTON, dosent in Ontwikkelingsielkunde en Kindersielkunde, oor die projek gesels.



Me Lisa Bensch (middel) en haar gidshond, Pam, besoek Babin as deel van haar Kindersielkunde-honneurswerkstukopdrag. By hulle is dr Helene Loxton (links), 'n dosent in Kindersielkunde, en een van die kinders, Darren Simmers, van Babin

"Oor die afgelope 12 jaar het nagraadse studente die geleentheid gekry om die teorie en praktyk van Kindersielkunde te integreer deur middel van blootstelling aan normale kindergedrag sowel as dienslewering op hierdie terrein. Die noue skakeling en uitstekende samewerking is tot voordeel van sowel die skool- as die universiteitsgemeenskap," verduidelik sy.

Die meestersgraadstudente in die Kliniese Sielkunde- en Gemeenskapsvoorligtingprogram doen jaarliks, onder toesig van dr Loxton as deel van 'n diensleerprojek, individuele assessering van preprimêre kinders se ontwikkelingsvlakke, waarna terugvoering aan die ouers en, in die beste belang van die kinders se ontwikkeling, ook aan die skool gegee word. Hierdie projek, gerig op die identifisering en ontwikkeling van jong kinders se potensiaal, word vanjaar vir die twaalfde keer aangebied. Gereelde monitering en terugvoering van alle rolspelers, naamlik die Babinpersoneel, ouers en kinders, sowel as die studente, word weer in die Sielkundekurrikulum opgeneem. "Hierdie projek, waartydens studente teorie en praktyk kan integreer en terselfdertyd diens lewer, maak dit 'n aangename en verrykende leerervaring waarby almal baat vind," sê dr Loxton.

"Deurdat daar voortdurende wisselwerking in die uitruiling van teoretiese en praktiese kennis tussen die universiteitsgemeenskap en die Babinskoolgemeenskap is, word voorsiening gemaak dat die kurrikulum tred hou met en toepaslik bly op die realiteit. Die Babinprojek bied ook inspirerende geleenthede vir die integrasie van diensleer en navorsing. Benewens verskeie meestersgraadtesisse, is daar ook in 2006 'n artikel in 'n geakkrediteerde internasionale sielkunde-tydskrif gepubliseer," sê sy.

Behalwe die diensleerinsette van die meestersgraadstudente, kry honneursgraadstudente wat die Kindersielkunde-module doen jaarliks die geleentheid om as deel van 'n werkstukprojek elk met 'n kleuter 'n individuele kindervriendelike onderhoud van ongeveer 75 minute te voer oor spesifieke onderwerpe soos hulle spelvoorkeure, vriendskappe en televisieblootstelling. "Ons dra sorg dat die beste belange van kinders te alle tye voorkeur geniet, en ons waarborg vertroulikheid," sê dr Loxton.

Volgens me Michi Hugo, Oorhoofse Koördineerder van Babin, asook me Deidré Esterhuisen, Skoolhoof, maak die jaarlikse betrokkenheid van die Sielkunde-honneurs- en -meestersgraadstudente 'n groot impak op die kinders, personeel en ook ouers.

"Die wisselwerking tussen diens en leer het by Babin 'n optimale positiewe vlak bereik met die meestersgraadstudente se insette – en alle betrokke partye vind baat by die projek. Dit is veral interessant dat die ouers van graad R-leerders dit as 'n absolute voorreg beskou om persoonlike en deeglike terugvoering oor hulle kinders se ontwikkelingsvlakke te ontvang," verduidelik me Hugo.

"Die inligting, wat beskrywend en nie diagnosties van aard is nie, help hulle om nie net aandag aan hulle kind se leemtes te gee nie, maar ook om die kind se vaardighede te waardeer en daarop trots te voel. Oor die jare het baie ouers laat blyk dat hierdie assesserings en deeglike ouerterugvoering baie daartoe bygedra het dat hulle hul eie kind beter kon verstaan, en ook meer ingeligte keuses ten

# FAS-studie op Wellington bekendgestel

## *US-navorsers fokus die soeklig op 'n Wes-Kaapse gesondheidskrisis*



Veldwerkers en fasiliteerders van die FAS-voorkomingstudie kan uitgeken word aan die FAS-studielogo op hul T-hemde

Vooraanstaande navorsers uit Amerika en van die Universiteit Stellenbosch (US), asook verteenwoordigers van gemeenskaps- en welsynsorganisasies en die sakesektor, interkerklike leiers, skoolhoofde en opvoeders het onlangs die amptelike bekendstelling van 'n nuwe studie, wat op die voorkoming van Fetale Alkoholsindroom (FAS) gerig is, bygewoon.

Hierdie studie word deur die National Institutes of Health (NIH) van die VSA gefinansier en as samewerkingsprojek deur die Universiteit van Nieu-Mexiko in die VSA en die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad en die Mediese Navorsingsraad (MNR) binne die Wellington-gemeenskap uitgevoer.

Onder die gaste wat die geleentheid bygewoon het, was die hoofnavorser van die projek, prof Phil May van die Universiteit van Nieu-Mexiko, en vooraanstaande Amerikaanse dismorfoloë drs Gene Hoyme, Nat Khaole, Luther Robinson, Melony Manning en Ken Jones. Jones was die eerste navorser om FAS te beskryf.

Die Visedekaan: Navorsing van die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe, prof Jimmy Volmink, en prof Soraya Seedat van die US se Departement Psigiatrie en medehoofnavorser in die FAS-voorkomingstudie, was onder die verteenwoordigers van die Universiteit.

In hul toesprake het die verskillende navorsers 'n oorsig gegee van die omvang van FAS in Wes-Kaapse gemeenskappe, en die oorweldigende sosio-ekonomiese implikasies van hierdie gesondheidskrisis vir die gemeenskappe. FAS word veroorsaak deur oormatige alkoholgebruik tydens swangerskap, en is wêreldwyd een van die hoofoorsake van voorkombare verstandelike agterstande by babas.

Navorsing waarby prof May vroeër in die Wes-Kaap betrokke was, het getoon dat die hoogste FAS-syfers ter wêreld in die hoërisiko-bevolkings in die Wes-Kaap voorkom, met 45 tot 88 per 1 000 kinders wat daardeur geraak word.

Prof Charles Parry van die MNR en medehoofnavorser van die FAS-voorkomingstudie het die gehoor geskok met die nuutste statistieke oor alkoholmisbruik in Suid-Afrika.

Hy het gesê dat Suid-Afrika in die kategorie van lande met die ergste drinkpatroon ter wêreld val. "Dit beteken dat baie mense drink tot hulle heeltemal besope is, dat alkohol dikwels buite maaltye gebruik word en dat dit deel is van die meeste gemeenskapsgesellighede, ook begrafnisse. Tussen 'n kwart en 'n vyfde van drinkers in Suid-Afrika se alkoholinname oor naweke bereik gevaarlike en skadelike vlakke," het prof Parry verduidelik.

"Een uit elke sewe Suid-Afrikaners het op een of ander tydstip in hul leeftyd alkohol misbruik en voldoen aan psigiatriese kriteria vir alkoholmisbruik en -afhanklikheid. Naas onveilige seks en interpersoonlike geweld is alkohol die derde grootste risikofaktor vir sterftes en gestremdheid in Suid-Afrika."

Hierdie drinkpatrone het oor die jare tot die hoë voorkoms van FAS in Suid-Afrikaanse gemeenskappe aanleiding gegee. Die sprekers het daarop gewys dat FAS 100% voorkombaar en 100% onomkeerbaar is en dat elkeen in Suid-Afrika 'n rol en verantwoordelikheid het om ander oor die gevare van alkohol tydens swangerskap in te lig.

Volgens Parry is die hoofdoelwitte van die voorkomingstudie eerstens die fokus op ingryping wat verder as beskrywende studies strek; tweedens op die landelike gemeenskappe wat soms in die ingrypingsproses verwaarloos word; en derdens op die bou van vennootskappe met die plaaslike skole, gesagsfigure, regeringsdepartemente en akademiese fasiliteite wat 'n volhoubare impak kan maak.

Prof Seedat het verwys na die suksesvolle FAS-voorkomingsprojekte in 'n Amerikaans-Indiaanse gemeenskap in die VSA.

"Navorsing toon dat hierdie program 'n groot aansporing is vir vroue om hul gewoontes te verander en dat dit ongetwyfeld doeltreffend in Suid-Afrikaanse gemeenskappe kan wees," sê Seedat.

Wellington is as die gasheerdorp vir die studie geïdentifiseer met die hulp van mnr Herman Bailey, wat burgemeester was toe die eerste FAS-studies in 1997 daar gedoen is.

# *US het nuwe Ombudsman*



Prof Bernard Lategan (foto), voormalige Direkteur: Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) op Mostertsdrift, is aangestel as die nuwe Ombudsman van die Universiteit. Prof Lategan neem vanaf 1 Augustus by me Letitia Snyman oor.

Die Universiteit het 'n aantal jare gelede besluit om gebruik te maak van 'n ombudsman. Die bedoeling was om 'n kanaal te skep waarlangs gepaste aandag gegee kan word aan probleme en klagtes van die kant van studente, ouers of personeel wat nie bevredigend deur die bestaande Universiteitstrukture hanteer is nie of "waarvoor hierdie strukture om watter rede ook al ontoereikend is blykens genoegsame motivering soos voorgelê deur die klaer of klaers". Die Ombudsman tree heeltemal onafhanklik op en is nie op die diensstaat vvan die Universiteit nie.

Volgens prof Lategan moet alle persone wat klagtes aanhangig wil maak eers die normale kanale van die Universiteit volg. As daar nie 'n bevredigende oplossing op hierdie wyse gevind kan word nie, mag hulle die Ombudsman vir hulp nader. "'n Ombudsman is daar om 'n "onafhanklike oor" te bied en as gerusstelling te dien dat daar 'n onpartydige persoon buite die instelling is waarheen enigeen vir hulp kan kom."

Prof Lategan sê dat die Ombudsman aan sekere prosedures gebonde is soos uiteengesit op die webblad van die Universiteit. Hy beklemtoon dat alle sake wat met hom bespreek word, streng vertroulik gehanteer sal word. Hy mag ook nie die identiteit van klaers sonder hulle toestemming bekend maak nie, tensy die verdere hantering van die saak dit vereis. Dit ook sy verantwoordelikheid om persone wat nie die normale kanale ten volle benut het nie, na die Universiteitstrukture terug te verwys.

Die Ombudsman maak ook geen finale beslissings nie, maar rapporteer sy bevindinge as aanbevelings direk aan die Rektor, Prof Russel Botman.





Het jy dokumente wat **vertaal** en/of **geredigeer** moet word?

**Ons kan help!**

**Dis nie al nie!**

**Kontak ons**

Need assistance with **translation** and/or **editing?**

**We can help!**

**What's more:**

**Contact us**

**Singakunceda!**

**Yintoni enye:**

**Qhagamshelana nathi ngale imeyile:**

# Ooreenkoms lei tot realisering van voorskoolse dienste

*(van bl. 1)*

Boord – destyds 'n wit woonbuurt – op die been gebring het. Kinders van alle rasse-, etniese- en taalgroepe is by die speelgroep verwelkom.

"Een van die drome vir hierdie speelgroep was om 'n geleentheid te skep vir voorskoolse kinders van verskillende kulturele agtergronde en taalgroepe om op gelyke vlak te ontmoet in 'n rustige atmosfeer wat deur opvoedkundige aktiwiteite en spel gevorm word," verduidelik me Michi Hugo, Hoof-Uitvoerende Beampte van die SEED Trust.

Twee jaar ná die speelgroep gestig is, wou die onderwysers dit as 'n preprimêre skool registreer. Hulle moes egter dié idee laat vaar toe hulle besef dat verskillende rasse nog steeds onder verskillende onderwysdepartemente val en dat 'n gemengde preprimêre skool nie in 'n wit gebied gestig kon word nie. Hierdie struikelblok is oorkom deur die skool na die plaas Babin, twee kilometer buite Stellenbosch, te verskuif omdat alle rassegroepe toegang tot plase gehad het. Só het Babin Farm Preschool tot stand gekom. In 1991 is die Babin Farm Preschool Trust gestig.

Die skool het mettertyd gegroei en plaaslike én oorsese donateurs se aandag getrek. Trustees soos die bekende prof Mamphela Ramphele, 'n wêreldbekende opvoedkundige en dokter wat later Kanselier van die Universiteit van Kaapstad geword het, was ook betrokke by die bestuur van Babin. In 1996 moes die skool skielik van die plaas wegtrek toe die grond verkoop is en die nuwe eienaars nie bereid was om die preprimêre skool en crèche te behou nie.

Nadat Babin ses maande lank tydelik in die Markötter-sportkompleks bedryf is, is 'n opslaangebou op kampus ná onderhandeling met die US teen minimale huur aan Babin beskikbaar gestel. Personeel, ouers en gemeenskapslede het die gebou omskep en in 1997 is die Babin Preprimêre Skool en Dagsorgsentrum met 68 kinders tussen die ouderdom van 18 maande en 6 jaar, en sewe personeellede geopen. In dieselfde jaar is die Stellenbosch Early Education Development (SEED) Trust as 'n opvoedkundige trust sonder winsbejag gestig met prof Fanie Cloete, 'n Babin-ouer en professor aan die US, as voorsitter.

"Die opvoedkundige benadering by Babin is gerig op die hoofstroom, om sodoende 'n verskeidenheid van primêre skole te voed. 'n Geïntegreerde model van opvoeding, wat 'n spanbenadering en 'n uitkomsgebaseerde opvoedkundige program insluit, word gevolg," sê me Hugo.

"Verskeie departemente van die US is ook reeds meer as tien jaar betrokke by Babin, onder andere Sielkunde, en daar bestaan 'n gesonde samewerking tussen SEED en verskeie diensleerprojekte van die Universiteit."

Veiligheid en sekuriteit by die skool sal ingevolge die ooreenkoms nou ook deel uitmaak van US Beskermingsdienste se werksopdrag, en personeel van SEED sal ook toegang tot die elektroniese infrastruktuur van die Universiteit hê. Daarbenewens sal die Trust toegang hê tot die Universiteit se binneposdienste en geldinsamelingstrukture. Die US sal verteenwoordig word in die SEED Trust se Raad van Trustees, die Babin Skoolkomitee en die Babin Ouerkomitee.

Volgens me Marthie van Niekerk, voorsitter van die US Vroueforum (USVF), is daar wél vantevore 'n tenderproses van stapel gestuur, maar geen kandidaat was suksesvol nie. Die SEED Trust het na afloop daarvan 'n formele versoek aan die US gerig wat wel aanvaar is. "Die USVF is in Februarie genader om op 'n konsepooreenkoms tussen die US en die SEED Trust kommentaar te lewer. Die ondertekening van hierdie ooreenkoms sluit 'n lang proses oor die dagsorgkwessie op kampus af. Dit is my opinie dat die US-bestuur deur hierdie diens die belang van personeelwelwees bekragtig," sê me Van Niekerk.

Volgens prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, bring die ondertekening van die ooreenkoms al die rolspelers by die einde van 'n lang en stamperige pad. "Uitdagings het ingesluit die verkryging van bestuursteun vir 'n gepaste fasiliteit, die verkryging van geld, en die bestuur van die raadplegings- en besluitnemingsprosesse. Die uitkoms is nie die een wat aanvanklik ten doel gestel is nie. Dit is egter een wat potensieel die grootste en beste diens aan die Universiteitsgemeenskap kan lewer. Die Bestuur is daartoe verbind om as vennoot te verseker dat Babin se drie 'kampusse' aantreklike, veilige en stimulerende instellings sal wees. Ons bedank graag al die kollegas wat meegehelp het om hierdie projek te verwesenlik," sê prof Smith.

# Diversity and transformation experts at SU

*(from page 3)*

School had to start looking at itself and at how it could incorporate different kinds of truth, different ways of knowing – be it according to quantitative or qualitative research – and at culturally competent teaching within their faculty.

"When we spoke to our students, we found that they did not experience a school that resonated with the world they knew and with who they were," explains Dr Spearmon.

"We then had to look at the way that we conducted assessments, we looked at barriers to learning, kept a pulse on the community and its needs and started looking at our teaching strategies."

In addition to these measures, the School incorporated a full-day multiculturality workshop into the faculty's student orientation programme. Staff members have also been included in this process through seminars, lectures and workshops on multiculturality.

"The workshop for students consists of three parts: understanding who we are, understanding others and understanding ourselves together," she explained.

During this workshop students are encouraged to share stories with each other, to open themselves up to hear the stories of others and to be open to changing the script of their stories.

However, she added that the School had still not arrived at their destination in terms of being a truly multicultural institution. "We are in the process of becoming," she said. "This is what we tell our students. This is a process, it is not an event. I need you to be willing to come to the table and to be willing to stay at the table even when you hear things that are difficult to hear and to know that we are all in this together."



IN NUWE GEWAAD ... Die opsigters en assistente van die Universiteitsmuseum het onlangs nuwe US-truie en -baadjies as toevoeging tot hulle uniforms gekry. Hier pronk Rosaline Pietersen, Hendrik Peterson, Marcha Christians en Johannes Adams trots in hulle nuwe vere voor die hoofingang van die Sasol Kunsmuseum. Die Museumgebou (die Eben Dönges-sentrum) in Ryneveldstraat sal eweneens teen die somer met 'n 'nuwe baadjie' kan spog na afloop van grootskaalse opknapping wat eersdaags sal begin.

# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

## TE KOOP / FOR SALE

**For sale:** Blessing Alto Saxophone. Requires service, otherwise in good working/playing order. Price: R5 000. Contact Linda Bellairs at 021 938 9365 (w) or 021 689 9145 (h)

**For Sale:** Opel Kadett 1994, 1400. White with radio tape, immobilizer and grey interior – mileage 194 000. Interior recently refurbished. Price: R20 000, voetstoots. Very good condition. Tel: 082 853 2815

**For Sale:** 3 bedroom town house in complex in De Tjiger. 5km from Tygerberg Hospital. Contact 084 608 4632

**Te Koop:** Oregon pine TV-kas met plek vir TV, ekstra rak en laai: 95cm breed x 1,2m hoog x 52cm diep @ R200. Roomkleurige tweesitplek bank: 1,3m x 76cm @ R350. Skakel asb vir dr/mev Visagie by tel: 021 887 1770

**Toga beskikbaar:** Akademiese toga, US Geneeskunde, beskikbaar. Soos nuut. R400. Tel 021 937 3005

## TE HUUR / TO LET

**Stellenbosch campus:** Furnished 3 bedroom house for visiting academics. Available from June onwards. To view or more info contact Ms de Kock on 082 439 8808

**Woonstel te huur:** 'n Ruim 3-slaapkamer, 2-badkamer woonstel met onderdak parkering in Kusweg, Strand, te huur vir 'n onbepaalde tyd vanaf Julie 2008 vir verkieslik afgetredenes. R5000 per maand. Skakel 021 886 6054 of 082 968 2065

## VERBLYF / ACCOMMODATION

**Accommodation in Somerset West:** For parents plus student. New self-catering unit for two plus one person over 15 years. Two adults, R400 per day, plus R50 for additional family member. Please phone 021 851 1475 or 083 754 2493 or e-mail butterflies@xsinet.co.za

**Verblyf Stellenbosch:** Selfsorgakkommodasie in Jonkershoekweg. Maksimum 3 persone, R100 p/p/per dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self of besoek www.121jonkershoekroad.co.za of kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

## SAAMRYKLUBS / LIFT CLUBS

**Bellville – Stellenbosch:** Persone gesoek vir 2 verskillende saamryklubs tussen Bellville en Stellenbosch, een vir voldag- en die ander vir halfdagwerk. Vir meer inligting kan belangstellendes 083 461 7525 vir halfdag en 083 627 1480 vir voldag skakel

**Eerste River – Stellenbosch:** Lift club available. Looking for more members to join, preferably 1 with own car. Working hours are from 08h00 – 16h30, Mondays to Thursdays. 08h00 – 15h30 on Fridays. If interested please contact Yolanda Johnson on 083 896 4456 / 021 808 4530 or email yjohnson@sun.ac.za

**Kenridge/Brackenfell – Stellenbosch:** Daagliks. Werksure: 07:30 – 16:00. Kontak Nicki by 082 341 0308

**Kuilsriver (Mabille Park) – Stellenbosch:** Saamrygeleentheid gesoek vir my seun (BRek student), Maandag tot Vrydag tussen 08:00 en 14:00. Kontak asseblief Shantall Renecke op 021 938 9035. Petrolbydrae sal ook gemaak word

**Southern Suburbs – Stellenbosch:** Lift urgently needed Mon to Thurs from Southern Suburbs to Stellenbosch. Please contact L Rademeyer at 021 887 3113 (office hours), on 021 797 9649 after hours or email lr2@sun.ac.za. Will make a contribution towards petrol expenses

**Strand – Stellenbosch:** Het eie motor, wil inskakel by 'n ryklub. Maandag – Vrydag, 8:00 tot 12:45. Kontak Andrew Burger by 021 808 2507 of 082 740 1688

**Strand – Stellenbosch:** Plek vir 3 persone om beurtelings te ry (een week per maand), vanaf Strand-Suid. Werksure 07:30 – 16:00 (aanpasbaar 08:00 tot 16:30). Skakel Alta: 021 882 9923 (w), 021 854 5699 (h)

## DIENSTE / SERVICES

**Housesitting:** Sien om na huis, tuin en troeteldiere. Enige tyd van die jaar. Stellenbosch, Somerset-Wes en Noordelike voorstede. Kontak Babsie by tel: 083 429 9903

**Housesitting:** Stellenbosch-gesin beskikbaar om "housesitting" te doen vanaf 1 Augustus 2008. Kontak Dawie 072 225 4002 / Welma 072 345 9825 (welmal@sun.ac.za) voor 20 Junie of na 10 Julie asseblief







**Deeltydse administratiewe beampte (tydelike aanstelling) in Departement Ekonomie**

Aansoeke word ingewag tot 8 Augustus vir 'n tydelike en deeltydse (halfdag) pos as administratiewe beampte om ondersteuning te bied met 'n navorsingsprogram in die Department Ekonomie. Die aanstelling is voorlopig vir vroeg Augustus tot einde Desember 2008, met 'n moontlikheid dat dit verleng sou kon word. Werksure kan tot 'n mate by die posbekleër se beskikbaarheid aanpas. Salaris is onderhandelbaar.

Die posbekleër sal administratiewe, sekretariële en navorsingsondersteuning aan 'n span navorsers bied. Die volgende vaardighede en eienskappe sou nuttig wees: ■ Goeie organiseervermoë ■ Sekretariële of administratiewe ervaring ■ Syfervaardigheid en taalvaardigheid in Afrikaans en Engels ■ Ervaring van die universiteit se betaalstelsels en werk met begrotings ■ Goeie kennis van MSWord, Excel en Powerpoint, en vaardigheid met die aanleer van nuwe rekenaarprogramme ■ Ervaring van 'n navorsingsomgewing, insluitende naslaan van bronne, formattering van dokumente, aanbieding van bronnelyste, en gebruik van die internet ■ Gewilligheid om in spanverband te werk. ■ Graad is 'n aanbeveling, maar nie 'n vereiste nie.

Aansoeke kan voor 28 Julie gestuur word aan: Mevrou G.M. Kruger, Departement Ekonomie (tel. 021 808 2247, e-pos GMKruger@sun.ac.za).

*Kampusnuus* verskyn, tensy ander gemeld, op die laaste Donderdag van elke maand. Die sperdatum vir advertensies is die voorafgaande Donderdag. Advertensies: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 of chenry@sun.ac.za
*Kampusnuus* appears on the last Thursday of every month unless stated otherwise. The deadline for advertisements is the preceding Thursday. Advertisements: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 or chenry@sun.ac.za

# US-koor wen drie keer goud op Wêreldkoorspele in Oostenryk

Die Stellenbosch Universiteitskoor het onlangs in Kaapstad aangekom nadat hulle onder leiding van mnr André van der Merwe drie goue medaljes by die Wêreldkoorspele in Graz, Oostenryk verwerf het. Die koor het in drie verskillende kategorieë deelgeneem en in al drie met goud weggestap.

"Einde Oktober verlede jaar het elke koorlid hul musiek ontvang en moes hulle met behulp van 'n CD hul note gedurende die Desembervakansie instudeer. Om te presteer in so 'n internasionale kompetisie het vanjaar baie opoffering geverg, ekstra ure se repetisie behels, totale samewerking vereis en doelgerigtheid by elke koorlid sowel as die dirigent gekweek," sê me Lydia Meier, Koororganiseerder.

"Koorsang op die vlak van die Universiteitskoor vereis toewyding en selfdissipline. Om in die US-koor te sing, is nie vir sissies nie," verduidelik sy.

Vir hulle harde werk is die koor beloon met 'n eerste plek in die kategorie Musica Sacra met 92,7%, 'n tweede plek in die kategorie Gospel & Spiritual met 92,5% – hulle het die eerste plek met 0,05% gemis – en 'n vierde plek in die kategorie Jeugkore: Gemengde Stemme.

Die Wêreldkoorspele word as die grootste koorkompetisie ter wêreld gereken en vergelyk veral in grootte en die aanbod van 'n verskeidenheid kategorieë met die Olimpiese Spele. Die kompetisie word tweejaarliks aangebied en vanjaar het 441 kore deelgeneem met ongeveer 20 000 koorlede uit 93 lande wêreldwyd. Die Universiteitskoor se drie medaljes maak deel uit van 'n totaal van 23 wat deur Suid-Afrikaanse kore verwerf is, waarvan 15 goud en 8 silwer medaljes is. Suid Afrika is deur 22 kore verteenwoordig.

Volgens me Meier sou dit nie moontlik wees om al 85 koorlede na Oostenryk toe te neem sonder die finansiële ondersteuning van 'n aantal mense en organisasies nie. "Hartlike dank aan die Rektor, prof Russel Botman, die Universiteit, mnr Robert Kotzé van die Internasionale Kantoor asook die Het Jan Marais Nationale Fonds en die HB Thom-kultuurfonds vir hul finansiële en morele ondersteuning," sê sy.

Ná afloop van die kompetisie is die US-koor genooi om saam met twee ander kore 'n gala-konsert in een van Graz se kerke, die Maria Hilferkirche, te hou.

"Die gehoor was vol entoesiaste wat na die drie kore kom luister het; selfs staanplek in die gange was skaars," sê mnr Willem van Tonder, die Koorvoorsitter.

"Een van my hoogtepunte was die gala-konsert in die Maria Hilferkirche. Dit is die beste instrument waarvan ek nog ooit deel was. Die ontspanne entoesiasme en oortuiging waarmee ons gesing het, was nie iets van hierdie wêreld nie."

Vir die US-koor was dit 'n onvergeetlike ervaring om die Europese kultuur te beleef waar mense alles opsy sal sit om na kore te gaan luister.

Die Universiteitskoor het die reis na Europa afgesluit met 'n welverdiende toer na Wene en Istanbul. In Wene kon die koor spesiaal toestemming kry om in die St Stephan-katedraal voor die aanvang van hul middagdiens te sing. Kore word in die reël nie toegelaat om binne die kerkgebou te sing nie. "Terwyl die koor *Pie Jesu* van Hendrik Hofmeyr gesing het, het kerkgangers en toeriste stil gestaan en luister terwyl die trane oor hulle wange loop. Vir ons was dit 'n heilige oomblik," sê me Meier.

Vir baie koorlede was dit 'n eerste geleentheid om oorsee te reis. "Nou moet ek gou klaar leer want daar is nog te veel om te sien en te ervaar daar buite en die tyd is min!" het een koorlid opgemerk.

Die koor het 'n aantal opkomende konserte, onder andere die kompetisiestukke en 'n Kersfeeskonsert wat nog hierdie jaar te sien is. Hou gerus die pers dop vir meer inligting oor hierdie optredes, of kontak me Lydia Meier by 082 468 0652.

– Sarleen Wessels

# Nootvas vir vigsbewusmaking

Jy kan kies om jou doof te hou vir die statistieke; jy kan kies om nie die weeskinders raak te sien nie; jy kan kies om die verantwoordelikheid van optrede aan ander oor te laat. Maar die feit bly staan dat MIV en vigs 'n werklikheid is. Gelukkig is daar mense wat hierdie werklikheid sonder skroom besef en byvoorbeeld deur vermaak die pandemie die stryd aansê.

Die Afrika-sentrum vir MIV/Vigsbestuur op kampus is gereeld by musiekgeleenthede betrokke wat op die boodskap van voorkoming van MIV-oordrag en die bestuur van die virus fokus. Op 31 Augustus is dit tyd vir vanjaar se tweede "Artists for AIDS Awareness"-konsert (Kunstenaars vir vigsbewustheid-konsert) in die Kunstekaap-teater, ná die eerste suksesvolle konsert op 1 Junie.

Die bekwame prof Jimmie Earl Perry, Direkteur van Opvoedkundige Teater en Skeppende Kunste by die Sentrum, is aan die stuur van sake. Hy benut sy jare lange internasionale ervaring om 'n goed afgeronde produksie te verseker, op én weg van die verhoog.

Saam met hom op die verhoog is talentvolle kunstenaars soos die kabaretsanger Godfrey Johnson, die sangers Rouchelle Liedemann, Jamie Marais, Lana Rumble, Rosebud Mgada, Lanaine Abrahams en Wendy Alexander, asook die Speak Life-koor. Om die produksie af te rond, sal die bekende Mike Campbell-orkes die sangers begelei.

Naas die musiek, sal die konsert bydraes insluit van mense wie se lewe deur MIV en vigs geraak word. Hul gesindheid en eenvoudige boodskappe is gewaarborg om elkeen in die gehoor te inspireer. In die woorde van Toni Zimmerman, korporatiewe leier en spreker wat met die virus saamleef: "Ek voel ek moet soveel doen as wat ek kan, net omdat ek kan."

Dié konserte dien as voorsmaak van die Afrika-sentrum se jaarlikse gala-konsert wat Wêreldvigsdag op 1 Desember herdenk en dit ten doel het om die merkwaardige werk wat op die gebied van MIV en vigs gedoen word, te vier. Hierdie konserte kom nie tot 'n einde wanneer die gordyn sak nie. Dan begin die eintlike werk éérs deurdat mense geraak en besiel word om uit te gaan en in hul gemeenskappe, in hul gesinne en self verantwoordelikheid te neem vir hul rol in die stryd teen MIV en vigs.

– Stephanie Laubscher

# Kennisgewings • Notices • Kennisgewings • Notices

### KUNSUITSTALLINGS GAAN VOORT ONDANKS BOUWERK

Ondanks bouwerk aan die Sasol Kunsmuseum, gaan die laaste twee wisseluitstallings vir die jaar, naamlik Mercedes-Benz se "Art in Public Spaces"-projek (6 Augustus tot 20 September) en Suid-Afrikaanse Portretfotografie van Gustav Fritsch (1 Oktober tot 28 November), waarvan prof Keith Dietrich van die Departement Beeldende Kunste die kurator is, steeds voort. Die gebou sal stuk-stuk afgesluit word vir die opknappingswerk. Die kontrakteurs hoop om in Desember klaar te wees.

### STELLENBOSCH FORUM RELEASES PROGRAMME FOR SECOND SEMESTER

Since 1990, the Stellenbosch Forum has been arranging an inter-disciplinary lecture series on campus. The series focuses on topical issues in South Africa and the world. Lectures are presented by Stellenbosch researchers and guest speakers. Both staff and students are welcome to attend these talks, which take place on a monthly basis each semester. The programme for the second semester is as follows:

*Wednesday, 13 August, 13:00–14:00*
Speaker: Prof Emile van Zyl, Department of Microbiology. Topic: Biomass to Biofuels: Is it Food *versus* Fuel or could it be Food *and* Fuel?

*Wednesday, 17 September, 13:00–14:00*
Speaker: Prof Arnold van Zyl, Vice-Rector: Research. Topic: Intelligent Transport Systems (final title to be announced)

*Wednesday, 15 October, 13:00–14:00*
Speaker and topic to be announced

The lectures are usually held in the Auditorium of the JS Gericke Library. Please watch the *Boschtelegram* for final details.

### FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE SE AKADEMIESE JAARDAG

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW) se Akademiese Jaardag word vanjaar op Woensdag, 13 Augustus, en Donderdag, 14 Augustus, op die Tygerbergkampus gehou. Die interessante program sal oudergewoonte as vertoonvenster vir die jongste navorsing deur FGW-navorsers sowel as voorgraadse en nagraadse studente dien. Die wye verskeidenheid lesings wat by hierdie geleentheid aangebied word, is nie net van belang vir kollegas van ander fakulteite nie, maar ook vir die algemene publiek.

Op 13 Augustus word parallelle sessies in verskillende lesingsale in die Onderwysblok gehou. Die beste mondelinge voordrag en plakkaataanbieding in elke sessie sal gekies word vir aanbieding by die prysuitdeling op Donderdag 14 Augustus, waar die algehele wenners aangewys sal word.

Vanjaar se gasspreker is prof Jerry Coovadia, 'n Victor Daitz-professor vir MIV/vigs-navorsing by die Universiteit van KwaZulu-Natal. Coovadia se lesingtema is "How AIDS revealed the frailties in our society". Voorloperlesings deur FGW-kundiges vind op die Donderdag plaas en sluit in:

- Dr Jean Nachega (Direkteur: Infeksiesiektesentrum): "Antiretroviral Therapy Adherence in sub-saharan Africa: Current Status of Knowledge and Research Priorities"
- Dr Peet van Deventer (Afdeling Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie): "Toepassing van die nuutste anatomiese bevindings in mammachirurgie"
- Prof Steven Hough (Afdeling Endokrinologie): "Bone Disease in Diabetes Mellitus"
- Dr Nico Gey van Pittius (Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika): "The evolution of the genus Mycobacterium and virulence in M. tuberculosis, the causative agent of tuberculosis".



Links verskyn Tyrone Coetzee as Eskom en Joshua Prinsloo as Aladdin

# *Aladdin* by die HB Thom te sien

Die klassieke verhaal van Aladdin herleef in hierdie kleurvolle produksie met verskeie geliefde karakters wat weer hulle opwagting maak. Aladdin, die karakter wat die eerste keer meer as tien eeue gelede sy verskyning in *1001 Nagte* gemaak het, het al verskeie gedaantes aangeneem. Hierdie hedendaagse kinderstuk wat op die beginsels van die pantomime en die klug gegrond is, kyk met 'n vars oog na dié verhaal van die seun uit China wat sy prinses Jasmyn uit die kloue van die aaklige Egiptiese towenaar Abanazer moet bevry.

Die studente van die Universiteit se Departement Drama bring hierdie kleurspel op die planke met musiek, skouspelagtige dekorstukke en kostuums om die vermaaklike verhaal vir oud en jonk aan te bied.

Alladin is vanaf 28 Julie tot 2 Augustus om 10:30 en 15:30 daagliks in die HB Thom Teater te sien. Skakel 082 575 4563 in kantoorure vir besprekings.

Kaartjies kos R35 per persoon, en R20 vir studente en skoliere. Spesiale pryse geld vir groepbesprekings.

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY
DEPARTEMENT MUSIEK | DEPARTMENT OF MUSIC
KONSERVATORIUM


2 AUGUST 2008
20:00, ENDLER HALL
*SCHOLA CANTORUM* (academic choir) singing works by Grieg, Janacek, Mantyjarvi and Britten

22 AUGUST 2008
20:00, ENDLER HALL
*KEMUS ENSEMBLE* (modern music) performing works by Stockhausen – Mikrophonie I and Mantra

23 AUGUST 2008
20:00, ENDLER HALL
*SU SYMPHONY ORCHESTRA* performing works by Schubert and Brahms

Tickets can be booked at Computicket on 083 915 8000, on http://www.computicket.co.za or bought at any Shoprite, Checkers or MTN kiosk.

## BOEKE / BOOKS




### ANGLING FOR INTERPRETATION

*A first introduction to biblical, theological and contextual hermeneutics*

Ernst M Conradie

The aim of this guide is to provide a first introduction to biblical, theological and contextual hermeneutics. Hermeneutics is the subject that analyses the process of interpretation. One could therefore say that hermeneutics is the theoretical study of interpretation. As a first introduction it is primarily aimed at first-year students, but church groups may also find it useful.




### AANTEKENINGE BY KOOS PRINSLOO

Gerrit Olivier

*Aantekeninge by Koos Prinsloo* bied 'n kritiese begeleiding by die verskyning van Koos Prinsloo se versamelde *Verhale* deur Human & Rousseau in 2008. In sy ontleding agterhaal Olivier Prinsloo se diverse bronne en bied hy insig in hoe die verhale vanaf *Jonkmanskas* (1982) 'n steeds uitdagender konfrontasie met literêre konvensies, politieke magsvorme, geweld en uiteindelik die dood word.

These titles are available from African SUN MeDIA Pty (Ltd.) www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za
africansunmedia@sun.ac.za (021) 808 2401 (021) 808 2626

# Ontmoet die US se nuwe Kanselier

Dr Frederik van Zyl Slabbert, bekende politieke kommentator en stigter van die Instituut vir Demokrasie in Suid-Afrika (Idasa), is die nuwe Kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US). *Kampusnuus* het met dr Slabbert, wat amptelik môre (1 Augustus) ingehuldig word, gaan gesels om meer te wete te kom oor die man agter die naam.



Dr Frederik van Zyl Slabbert

*Vertel ons 'n bietjie van jou agtergrond as politieke kommentator en aktivis.*

Vanaf my dosentejare, beginnende by Stellenbosch, was my intellektuele en waardefokus op die onaanvaarbaarheid en onhoudbaarheid van Apartheid as amptelike ideologie vir Suid-Afrika. Geleidelik is ek by verskeie pogings, gesprekke en georganiseerde aksies ingetrek om bogenoemde standpunt uit te brei en meer mense te betrek. Sodoende het ek 'n redelike verskeidenheid insette gekry wat my analises help vorm het. Gevolglik betrek 'n verskeidenheid organisasies en ondernemings my nou om my opinie te vra.

*Jy was die persoon wat die besoek van 'n groep Afrikaner-sakelui en -akademici aan die ANC in Dakar, Senegal, gereël het. Hoekom is daar besluit om tóé met die ANC te praat, en wat het julle gehoop om met daardie besoek te bereik?*

Die Dakar-besoek is gereël omdat ons in Idasa van mening was dat houdings in Suid-Afrika gepolariseer het tussen Apartheid en Bevryding, oftewel onderdrukking en weerstand. Ons het geglo voordat enige sinvolle onderhandeling kon plaasvind, daar dialoog tussen die kampe moet wees. Dakar was nie die eerste poging tot sodanige dialoog nie. In die tussentyd het ons heelwat gespreksgeleenthede tussen jong Afrikaans- en Engelssprekende jongmense in plakkerskampe gereël. Ook was Dakar nie die enigste byeenkoms nie – daar was ook Ghana, Nigerië, Lusaka, Harare, Burkino Faso, ensovoorts.

*Jy het onlangs die Adam Tas-organisasie op kampus toegespreek. Is dit reg om te sê dat jy van mening is dat studente meer moet fokus op hoe hulle 'n verskil in die samelewing kan maak in plaas daarvan om hulle oor veral regstellende aksie te bekommer?*

Ja, dit is hoofsaaklik reg. Die gedagte is dat as jy sinvol betrokke raak om geërfde probleme die hoof te bied, regstellende aksie inhoud sal kry en nie net 'n gespreksonderwerp sal bly nie.

*Jy het hier ook oor entrepreneurskap gepraat. Sien jy dit as die pad vorentoe vir Suid-Afrikaners?*

Nie as net dié pad vorentoe nie, maar 'n belangrike een van verskeie.

*As opvolger van prof Elize Botha het jy groot skoene om vol te staan. Hoe voel dit om in hierdie tyd as Kanselier van die US aangestel te word? En wat hoop jy om in hierdie rol te bereik?*

Ek het nog nooit daarna gesmag om iemand se skoene vol te staan nie. Elkeen het sy eie gawes en beperkinge. Ek sal na die beste van my vermoë my beskeie talente gebruik om in hierdie nuwe rol bruikbaar te wees vir my universiteit.

*Jy is ook 'n oudMatie en 'n voormalige personeellid van die US. Vertel ons 'n bietjie oor jou jare as Matie en later as personeellid hier? Wat is vandag anders as die US van daardie tyd, en wat dink jy het dieselfde gebly?*

Ek was 'n Wilgenhoffer as Matie en dit, in 1960, was 'n lewensveranderende ervaring. Vandag lyk dit heelwat rustiger daar. As dosent vanaf 1964 was ek verdiep in my studies en nie soseer bewus dat ek as oudMatie studeer het nie. Ek kan wel sê dat, nadat ek by Wits, Ikey en Rhodes klas gegee het, ek die grootste mate van akademiese vryheid op Stellenbosch ervaar het. Sommiges in belangrike posisies het nie gehou van wat ek sê nie, maar die Universiteit self het dit nooit vir my moeilik gemaak nie.

*Jy wou onder meer 'n alternatiewe koerant begin en vanuit 'n ander hoek by die Studenteraad betrokke raak. Vertel ons meer daarvan.*

Dit was maar net pogings om amptelike indoktrinasie te ondermyn.

*Ek verstaan dat jy ook 'n goeie skaak- en muurbalspeler is. Vertel ons meer hiervan.*

Nee, ek was redelik in al twee, nooit goed nie. Vra maar vir dié met wie ek meegeding het.

*Jy is betrokke by meer as een organisasie wat op humanitêre vlak in veral Afrikalande betrokke is. Is dit 'n persoonlike passie?*

Die Goree Institute in Senegal, The Open Society Initiative for Southern Africa, en The Institute for a Democratic Alternative in Zimbabwe (IDAZIM) is almal maar voortvloeisels van die oorspronklike Idasa/Dakar-gebeure. Met ander woorde, dit is almal pogings om gesprek en dialoog oor 'oop' en demokratiese samelewings in Afrika te bevorder.

*Hoe voel Van Zyl Slabbert tans oor die toekoms van Suid-Afrika?*

Vol buitengewone uitdagings wat my nooit met rus sal laat nie.

*As 'n student die dag afstudeer, wie moet hy of sy wees om suksesvol daar buite te wees? Watter kenmerke moet so 'n persoon hê?*

Daar is geen wonderformule nie, maar een ding wat baie sal help: Moenie vir jouself lieg of jouself probeer bluf nie.

# WIE, WAT EN WAAR?



### UNIVERSITEIT VEREER NNS-GEËVALUEERDE NAVORSERS

Die Universiteit het 77 navorsers van subkomitee A (Geestes- en Sosiale Wetenskappe) en subkomitee B (Natuurwetenskappe) aan wie die Nasionale Navorsingstigting (NNS) in 2008 'n evalueringsgradering toegeken het, tydens 'n onlangse geleentheid vereer. Hier is die navorsers van die Fakulteit Opvoedkunde wat vereer is saam met prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing (heel links) en prof Izak van der Merwe, Tydelike Waarnemende Direkteur: Navorsing (heel regs). Tweede van links is die navorsers prof Cornelia Roux; prof Floris van der Merwe; prof Leslie le Grange; prof Christa van der Walt en prof Eli Bitzer. *(SSFD)*

### AUSAID BESOEK MGD TYGERBERG SE KAYAMANDI-KLINIEK



Australian Aid, beter bekend as AusAid, het onlangs die Kayamandi-kliniek besoek. AusAid is een van Maties Gemeenskapsdiens (MGD) Tygerberg se grootste donateurs. "Hulle hou daarvan om noue kontak met die program te hê en bly in gereelde kontak met ons. Jaarliks besoek die Hoë Kommissaris van Australië ons projekte sodat hy persoonlik kan sien hoe ons die program fisies uitvoer. In die verlede het die Australiese Minister van Finansies ook ons projekte saam met die Hoë Kommissaris en die Suid-Afrikaanse Minister van Finansies, Trevor Manuel, besoek," sê me Bobette Smit, Programbestuurder: MGD Tygerberg. Hier is mnr Matthew Williams (links), Hoof van *Program in Africa*, AusAid, saam met die Hoë Kommissaris van Australië, mnr Chris Moraitis (regs).

### NATUURWETENSKAPPE HOU WINTERWEEK IN VAKANSIE



Die Natuurwetenskappe-Winterweek, wat ten doel het om graad 11- en 12- leerders meer oor beroepe en kursusse te leer, is in die vakansie deur die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied. Benewens praatjies oor programkeuses deur dosente en studente van die Fakulteit en die Departement Genetika, is die leerders op besoek aan die bedryf geneem. Lede van die Natuurwetenskappe-studentekomitee (NSK) het gehelp om die deelnemers tuis te laat voel op die Stellenbosch-kampus. Saam met Alet de Villiers (links) van Mosselbaai en Danroy Wells van Keimoes is NSK-lede Azel le Grange, Chris Delport, Terry-Faye Ferndale, Lenny Mashavha en die voorsitter Neil de Kock. *(Engela Duvenage)*



### MINISTERIËLE KOMITEE BESOEK US

Die Ministeriële Komitee wat deur die Minister van Onderwys, me Naledi Pandor, getaak is om die vordering van transformasie en sosiale kohesie en die uitwissing van diskriminasie in openbare hoëronderwysinstellings te ondersoek, het onlangs die Stellenbosch-kampus besoek om die US-voorlegging te bespreek. Die US-bestuur het vroeër vanjaar 'n verslag aan die Komitee gelewer. Van links voor is die Komiteelede prof Mokubung Nkomo, prof Crain Soudien, prof Chika Sehoole en die Viserektor: Gemeenskapsinteraksie, prof Julian Smith. Agter van links is die Viserektor: Onderrig, prof Magda Fourie, die Rektor, prof Russel Botman, dr Charles Villa-Vicencio en mnr Wayne Dirk, albei van die Komitee, en dr Paul Cluver, Voorsitter van die Raad. *(Anton Jordaan, SSFD)*




### PROF SWARTZ ASSISTS SUDANESE UNIVERSITY WITH HEALTH TRAINING PROGRAMME

Professor Leslie Swartz, Head of the Department of Psychology, was in Khartoum, Sudan, from 6 to 10 July 2008 where he participated in a capacity-building workshop in mental health training. Stellenbosch University partnered with the University of Oslo, Sintef, a Norwegian research agency, with which the University has a memorandum of understanding, and Afhad University for Women, based in Khartoum, to assist the University of Bahr el Ghazal to plan for the development of mental heath training of medical students and health practitioners. As is the case with some other Sudanese universities, Bahr el Ghazal was forced to move to Khartoum from the south of Sudan to escape the war. Though the situation remains volatile, the university is planning to return to the south soon, where the mental health needs are great and resources very few. Following the training workshop, Prof Swartz visited Afhad University where he discussed their plans for a new master's programme in counselling and health psychology. On the photo with Prof Swartz is clinical psychologist Ms Amouna Tag Elsir, who is the Head of Psychology at Bahr el Ghazal University in Sudan.

1st SOUTHERN AFRICAN CONFERENCE ON THE FIRST-YEAR EXPERIENCE
OPENING CONVERSATIONS ON FIRST-YEAR SUCCESS
8 - 10 September 2008
Stellenbosch University
Stellenbosch, Western Cape, South Africa
http://www.sun.ac.za/FYEconference2008
fye@sun.ac.za

Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 28 Augustus 2008
**Redakteur:** Lynne Rippenaar
**Bladontwerp:** Heloïse Davis
**Drukwerk:** SunPrint
**Advertensies:** Conita Henry, tel: 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
**Redaksionele bydraes aan:** Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 808 4851, faks: 808 3800, e-pos: lynnr@sun.ac.za
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY